# 100:10

# REKONSTRUKSIE 100: TRANSFORMASIE 10

# 'N TENTATIEWE VERGELYKING VAN TWEE HISTORIESE ERVARINGS

**Pieter Kapp**

***Summary***

*Two experiences in the history of South Africa are compared - the reconstruction process after the Anglo-Boer War (1899-1902) and the transformation process after the 1994-election. The former was driven from without South Africa and the latter from within, though its leadership functioned from the outside.*

*The reconstruction process can be placed in historic perspective, but it is too early to do the same in respect of the transformation process. Both aimed at a radical change of power. In the case of the reconstruction process the aim to anglisize Afrikaners was never reached; in stead Afrikaner nationalism grew and the Afrikaners took control and established a republic outside the British Commonwealth. In the case of the transformation process the change of power became complete when a black majority won the 1994 and consequent elections.*

---

## 1. TWEE HISTORIESE PROSESSE

In die afgelope honderd jaar is daar by twee geleenthede pogings aangewend om radikale magsveranderinge in Suid-Afrika deur te voer deur 'n nuwe mag wat voorheen nie so 'n rol kon speel nie.[1] Die een het van buite gekom en die ander een was inheems aan Suid-Afrika, maar die leierskap het van buite Suid-Afrika gefunksioneer. Die een is in die geskiedenis bekend as die tydperk van rekonstruksie na die Anglo-Boereoorlog (1899-1902), die ander een word tans beleef en het daarom nog geen historiese perspektief nie. Die jaar 2004 word gewy aan die viering van tien

[1] Die reorganisasie van Suid-Afrika soos deur die apartheidsbeleid, of afsonderlike ontwikkeling soos dit amptelik bekend gestaan het, na 1948 nagestreef is, was ook in bepaalde opsigte 'n rekonstruksieproses. Dit is egter 'n ander veranderingsproses omdat dit deur interne prosesse gelei en gemotiveer is en nie deur toetreders van buite af nie. Dit was 'n ingrypende ontplooiing van beleidstandpunte wat van vroeg af sterk in die Suid-Afrikaanse werklikheid aanwesig was. Die twee prosesse wat hier bespreek word, was nuut en gedryf deur nuwe toetreders tot die toneel.

jaar van demokrasie in Suid-Afrika. Dit word egter in hierdie artikel nie as 'n proses van demokratisering beskryf nie, want dit gaan veel verder as net die verlening van demokratiese regte aan mense. Dit wil 'n totaal nuwe samelewing skep, soos die rekonstruksiebeleid ook beoog het. Daarom is 'n meer gepaste naam vir hierdie tydfase in Suid-Afrika se geskiedenis, eerder die periode van transformasie. Dit tipeer die ware aard van die ingrypende veranderinge wat Suid-Afrika besig is om te ondergaan veel beter. In albei prosesse moet daar duidelik onderskei word tussen fases en tydperke, want dit is prosesse wat hier ter sprake is, nie 'n enkele gebeurtenis of 'n enkele herdenking nie.

Die vraag kan met reg gestel word of twee sulke uiteenlopende prosesse, wat in totaal ander tydsomstandighede en met totaal ander magsverhoudinge afspeel, werklik sinvol met mekaar vergelyk kan word. Die een tydperk kan al in 'n duideliker historiese perspektief gestel word. Die ander een is nog in só 'n vroeë stadium dat enige historiese veralgemenings maklik in die draaikolke van die huidige aktiewe politieke en ideologiese argumente vasgevang kan word. Dit onderstreep die gewaagde aard van die vergelyking. Die feit dat twee heeltemal uiteenlopende herdenkings, die tienjarige herdenking van demokrasie en die honderdjarige herdenking van die Anglo-Boereoorlog tussen 1999 en 2002, maar enkele jare uitmekaar is, maak dit des te meer 'n groter uitdaging om die twee in 'n voorlopige vergelykende historiese perspektief te probeer plaas. Historiese vergelykings bied moontlikhede om tot insigte en begrip te kom wat nie in dieselfde mate in ander vorme van geskiedskrywing moontlik is nie. Hoe moeiliker die vergelyking, hoe sensitiewer is die insigte wat verwerf word. Hoe sensitiewer die gebeure of prosesse wat vergelyk word, hoe groter die verantwoordelikheid om 'n makrohistoriese benadering te volg waar dit die betekenis en langtermynnawerking van gebeure is wat belangrik is, nie die besonderhede van die gebeure self nie. Omdat so 'n langtermynnawerking van transformasie in hierdie stadium nie bestaan nie, word die vergelykende kwessies wat deur rekonstruksie in die tyd na vore gebring is, as maatstaf gebruik om te kyk na of en hoe dit op transformasie van toepassing kan wees.

Omdat dit prosesse is wat vergelyk word, is dit nie 'n spesifieke datum wat van belang is nie. Die rekonstruksiebeleid het byvoorbeeld nie eers in 1904 begin nie, maar inderdaad in 'n beperkte sin reeds in 1900 toe die Britse magte Bloemfontein en daarna Pretoria verower het. Daar is ook geen besondere gebeurtenis wat aan 1904 gekoppel kan word nie. Die rekonstruksieproses was toe nog in 'n beginstadium en sou inderdaad daarna deur verskillende stadiums ontwikkel. Trouens, dit is nie onvanpas om te beweer dat die werklike rekonstruksie eers in 1961, met republiekwording, tot sy finale einde gevoer is nie. In daardie sin duur die proses dus van die Vrede van Vereeniging tot 1961, toe die nuwe republiek juis ook op

31 Mei formeel tot stand gekom het. Dit beklemtoon in werklikheid die belangrikheid van rekonstruksie omdat dit 'n historiese proses aan die gang gesit het wat dekades lank sou duur om sy afsluiting te bereik.

Die begin van die transformasieproses kan wel in 'n bepaalde opsig aan 'n spesifieke datum gekoppel word - 27 April 1994, toe die eerste nie-rassige verkiesing in Suid-Afrika plaasgevind en die ANC-bondgenootskap aan bewind gekom het. Ook in hierdie geval is dit egter nie die enkele gebeurtenis wat van belang is nie, maar die proses wat dit verteenwoordig. Trouens, dit is nie korrek om te praat van transformasie wat op 27 April 1994 begin het nie. Dit begin in werklikheid op 2 Februarie 1990 met president FW de Klerk se dramatiese aankondiging dat daar begin word met 'n proses wat daarop gemik is om Suid-Afrika te transformeer van 'n rasgebaseerde samelewing na 'n nie-rassige een. Die woord "transformasie" is dan ook die woord wat hy die meeste in sy toesprake en geskrifte tussen 1990 en 1994 gebruik het. Transformasie is ook klaarblyklik bedoel om 'n oop proses te wees sonder 'n duidelike einde. Is dit moontlik om spesifieke insidente of instrumente te identifiseer wat die einde van transformasie sou beteken? Net die toekoms sal leer of daar 'n tyd sal aanbreek, soos met rekonstruksie die geval was, wanneer gesê sal kan word dat tranformasie voltooi is. Die toenemende politieke vraag is wat presies met transformasie bedoel word en wat sy einddoel is. Dit verskil nie wesenlik van die situasie met rekonstruksie nie. Hoewel die woord na 1910 nooit weer gebruik is nie, was die staatkundige ontwikkeling van Suid-Afrika 'n oop proses. Tog is die einddoel daar reeds baie vroeg, trouens reeds tydens die onderhandelinge wat tot die Vrede van Vereeniging gelei het, deur minstens die leiers van die twee Boererepublieke as die herstel van republikeinse onafhanklikheid gesien. Die wysheid van agterna kyk, toon dus dat daar van die begin af wel by bepaalde groepe en leiers 'n einddoel was, al het die aantal mense wat in daardie einddoel geglo het, aanvanklik 'n klein minderheid uitgemaak en het hulle steun langsaam gegroei.

Die oop vraag wat die einddoel van transformasie is, beteken dat dit nie moontlik is om hieroor enige klinkklare uitsprake te maak nie. Wat sal vir die Suid-Afrikaanse regering en bevolking nodig wees om te kan verklaar dat Suid-Afrika nou 'n volledige nie-rassige, nie-seksistiese staat met ten volle erkende en doeltreffend-funksionerende demokratiese gelykheid is? Sal dit spesifikasies van deelname aan alle amptelike en burgerlike aktiwiteite op die grondslag van die "demografiese profiel van die land" wees? Sal toekomstige historici dalk die bereiking van die einddoel van die Vryheidsmanifes van 1955, 'n staat met 'n besliste sosialistiese inslag, as die eindbestemming aanwys? Of sal dit die opgaan van Suid-Afrika in 'n Verenigde State van Afrika wees, soos wat in ander kringe verkondig word? Dit is juis hierdie oop vrae wat die waarde van 'n vergelykende studie onderstreep.

Die verskille in die twee prosesse kan deur 'n vergelyking op drie terreine ondersoek word. Hierdie drie terreine dui op die gemeenskaplike wat tussen die twee prosesse bestaan:

- Die oorgangsprosesse waardeur die radikale verandering van mag moes plaasvind.
- Die verplasing van mag op politieke, ekonomiese en kulturele gebied.
- Die verhouding tussen die ideale wat vir altwee prosesse geformuleer is en die werklikhede soos dit ervaar is/word.

## 2. DIE TWEE OORGANGSPROSESSE

Die oorgangsprosesse het dít in gemeen dat hulle in twee dokumente vervat is wat die resultaat van onderhandeling is en wat bedoel was om aan die een kant 'n oorlog te beëindig en aan die ander kant 'n lae intensiteit stryd te neutraliseer sodat dit nie tot 'n volskaalse gewelddadige revolusionêre oorlog lei nie. Hoewel die twee dokumente radikaal van mekaar verskil - die een is 'n vredesverdrag en die ander een 'n Voorlopige/Finale Grondwet - is basiese elemente van die Nuwe Suid-Afrika wat hulle beoog het, in breë algemene terme in die dokumente aanwesig. Die sentrale beginsel in altwee was die oordrag van mag aan 'n nuwe bedeling. Die dokumente het dus die basiese ideale vir 'n Nuwe Suid-Afrika verteenwoordig. Dit is belangrik om die hooftrekke van hierdie onderhandelingsprosesse te vergelyk.

Die reeks onderhandelinge tussen Britse militêre leiers en regeringsverteenwoordigers en die Boere-afvaardiging was nie 'n onderhandeling tussen gelykes nie. Die Britse onderhandelaars was in diens van die staat en die Britse Ryk en dié onderhandelinge was vir hulle maar net nog een in 'n reeks wat hulle gereeld iewers in die Britse Ryk moes voer. Die oorlog en die onderhandelinge was vir hulle net nog 'n professionele opdrag wat hulle moes uitvoer. Hulle opdrag was vir hulle duidelik en die uitkoms vooraf bepaal: dat die Boererepublieke by die Britse Ryk ingelyf moes word en dat die oppergesag van die Ryk verseker moes word. Hulle het vanuit 'n onbetwisbare posisie van sterkte onderhandel, hoewel hulle bewus was van die heftige openbare en politieke reaksie in Brittanje en Europa teen die metodes wat gedurende die oorlog gebruik is.

Die Boere-afgevaardigdes was nie professionele beroepslui nie. Hulle was burgers wat as militêre en politieke leiers opgetree het. Hulle was ook volksverteenwoordigers, want op inisiatief van generaal JBM Hertzog is daar eers by die kommando's 'n mandaat vir die onderhandelinge verkry. Hulle het geen ander strukture tot hulle beskikking gehad om hulle tydens die onderhandelinge te ondersteun nie. Daar was geen tegniese komitees of panele van kundiges na wie moeilike kwessies verwys kon word nie en wat as tussengangers in die proses kon optree nie.

Hulle aanvanklike poging om die republieke se onafhanklikheid onder Britse susereiniteit te behou, was nooit 'n ernstige onderhandelbare opsie nie. Hulle moes red wat te redde was. Hulle kon dus hoogstens in terme van die minimum wat hulle kon aanvaar, onderhandel.

Die eindresultaat was 'n bondige dokument van net twee bladsye en tien artikels.[2] Die minimum wat hulle kon bereik was die volgende:

- Die herstel van eiendomsreg (art. 3).
- Vrywaring vir republikeinse burgers (nie vir koloniale burgers nie) van strafmaatreëls teen hulle vir dade gepleeg gedurende die oorlog en waarvoor die Britse offisiere hulle die reg toegeëien het om sodanige klagtes te lê (art. 4).
- 'n Klein toegewing ten opsigte van die Nederlandse taal in art. 5 wat bepaal het dat Nederlands as amptelike taal tot op 'n lae vlak in die skole en net waar nodig in die regs- en landsadministrasie gebruik sou kon word.
- Verteenwoordigende regeringsinstellings sou mettertyd die militêre bewind en kroonkolonieregering vervang en tot dan sou geen uitbreiding van die stemreg na nie-wittes in die twee voormalige republieke oorweeg word nie (artikels 7 en 8).

Dit is teen hierdie agtergrond dat die waarnemende staatspresident van die ZAR, Schalk Burger, die magteloosheid van die posisie van die republikeine uitgedruk het:

> "Broeders, wij staan bij het graf van ons Volk. Wij hebben de wapens neergelegd, en de strijd die dood, ellende en verwoesting aanbracht, beëindigd. Dog nu moeten wij een anderen strijd ingaan, veel groter en edeler. Het zal onze plicht zijn, door krachtsinspanning en opoffering te arbeiden aan het wederoprichten van ons volk, en hierin ligt een groot werk voor ons."[3]

Die skikkingsproses van 1990 tot 1994 was radikaal anders. Dit was 'n lang uitgerekte dobbelspel waarin deelnemende groeperinge gesoek het na maniere om hulle wense te laat seëvier en druk op die ander te plaas. Dit is begin met onderhandeling oor die vraag of hulle sal onderhandel omdat daar groepe binne die ANC-bondgenootskap was wat gemeen het dat hulle na 'n militêre oorwinning moet mik waarna hulle, soos by Vereeniging, op 'n onvoorwaardelike skikking volgens hulle wense kon aandring. Hierdie eerste stap is afgehandel toe ooreengekom is dat

[2] Die teks is in verskillende publikasies te vinde. Hier is FA van Jaarsveld, **Honderd basiese dokumente** (Nasou, Kaapstad, gd), pp. 172-3 gebruik.

[3] JD Kestell en DE van Velden, **Die vredesonderhandelingen tusschen de regeering der twee Zuid-Afrikaansche republieken en de verteenwoordigers der Britsche regeering welke uitliepen op den vrede, op 31 Mei 1902 te Vereeniging gesloten** (JH de Bussy, Pretoria, 1909), p. x.

onderhandelinge wel die enigste weg is. Toe is onderhandel oor hoe onderhandel sal word en wie betrek behoort te word. Hierdie fase het ook verskillende pogings opgelewer, soos die twee KODESA-onderhandelinge. Dit het na heelwat politieke drama op die Veelparty Onderhandelingskonferensie onder leiding van 'n kleiner gelyknamige raad uitgeloop. Die ANC se aandrang op 'n verkiesing en daarna onderhandelinge in 'n Grondwetgewende Vergadering waar hulle na verwagting die oormag sou hê, is net gedeeltelik tegemoet gekom toe besluit is dat die grondwet, wat in die Veelpartykonferensie onderhandel word, net 'n voorlopige grondwet sou wees. Op basis van dié grondwet sou 'n verkiesing gehou word en die nuwe parlement sou tegelykertyd as parlement én as grondwetgewende vergadering optree om 'n finale grondwet te onderhandel. Daar is ook vooraf ooreengekom oor 33 (later 34) beginsels waaraan die voorlopige grondwet moes voldoen. Die proses is deur ongekende strawwe onderhandelinge gekenmerk wat dikwels naby skipbreuk gedraai het. Die ANC-bondgenootskap sowel as die Inkatha Vryheidsparty het nie geskroom om geweld te gebruik om druk op die onderhandelaars uit te oefen nie. Hulle het dan ook meermale veroorsaak dat die onderhandelingsproses tydelik tot stilstand gekom het. Om die dooiepunte te oorbrug, is van 'n uitgebreide stelsel van komitees en onderhandelingsforums vir spesifieke sake gebruik gemaak.

Op 27 April 1994 is die eerste nie-rassige verkiesing kragtens hierdie grondwet gehou en is 'n Regering van Nasionale Eenheid, waaraan die ANC-bondgenootskap, die Nasionale Party en die Inkatha Vryheidsparty deelgeneem het, saamgestel. As Grondwetgewende Vergadering het die Nasionale Vergadering weer, deur 'n reeks komitees waarin kundiges van buite betrek is, oor die finale grondwet en oor 'n Handves van Fundamentele Regte onderhandel. Te midde van nog politieke krisisse en wysigings ter elfder ure is die finale grondwet in 1996 goedgekeur. Die groot strydpunt het gegaan oor die vraag of die finale grondwet wel vir magsdeling voorsiening sou maak en of magsdeling werklik ander partye vry laat om die ANC-bondgenootskap te kritiseer en in die openbaar van hulle te verskil. Dit het 'n krisis binne die Nasionale Party geskep. In Junie 1996 het FW de Klerk die Nasionale Party aan die Regering van Nasionale Eenheid onttrek.[4]

Hierdie onderhandelingsproses het indrukwekkende reekse bronne en literatuur gegenereer waarin talle aspekte van die proses ontleed en evalueer is. Vier belangrike kenmerke van die proses is hier van belang:

- Dit was 'n meedoënlose magstryd tussen politieke groeperinge waarvan sommige nie gehuiwer het om geweld, stakings en intimidasie te gebruik om hulle saak te probeer bevorder nie. Die strategie sowel as die strukture van

[4] FW de Klerk, **Die laaste trek - 'n nuwe begin** (Human en Rousseau, Kaapstad, 1998), pp. 379-80.

onderhandelinge moes voortdurend heroorweeg en aangepas word. Die ANC-bondgenootskap was daarvan oortuig dat hulle 'n bedeling moes beding wat vir hulle die maksimum greep op mag sou gee. Aan die ander kant het die regering en die Nasionale Party onderneem dat 'n grondwet met wigte en teenwigte, wat meerderheidsoorheersing sou verhoed en minderheidsbelange sou beskerm, onderhandel sou word. Die onderhandelinge het 'n stryd tussen hierdie twee groeperinge geword, terwyl die ander groeperinge gepoog het om vir hulle 'n eie rol te vind. Dooiepunte is dikwels net met behulp van vae en lomp kompromieë oorbrug.

- Die massiewe dokumentasie en ingewikkelde formulerings wat 'n inherente deel van die kompromissoekende strategie was, het noodwendig beteken dat daar groot ruimte gelaat is om die werklike betekenis van wat besluit is, aan toekomstige vertolkings oor te laat. In werklikheid is die probleme dus verskuif in die verwagting dat dit in die politieke proses, nadat 'n skikking bereik is, aandag sou kry en tot praktiese oplossings of reaksies sou lei. Die implikasie is dat die grondwet met sy bylaes se waarde en betekenis nie net in sy lofwaardige woordrykheid geleë is nie, maar in wat van daardie ideale en beginsels in die praktyk ná die magsoordrag sou word. Die grondwet is algemeen as die van 'n modeldemokrasie beskryf, een van die modernste in die wêreld. Dit is geloof as 'n voorbeeld van hoe skynbaar onoplosbare konflikte deur onderhandeling geskik kan word. Dié optimisme het inderdaad só sterk geloop dat FW de Klerk daarna verwys as die Afrikaner se laaste trek wat hom by die eindbestemming van sy geskiedenis sou bring.
- Die demokratiese verwagtinge is verder versterk deur die derde kenmerk van die proses, die aktiewe openbare betrokkenheid en skynbare skeppende deelnemende aard daarvan. Alle politieke groeperinge is die geleentheid gebied om deel te neem, hoewel nie almal daarvan gebruik gemaak het nie. Sekere belangegroepe, ook buite die politiek, is die geleentheid gebied om skriftelike voorleggings te maak en in 'n aantal gevalle by verskillende komitees betrek te word. Van die uiteindelike erkenning van hierdie voorleggings het min tereggekom en daar is bloot lippediens daaraan bewys sonder enige konkrete verbintenis dat dit in die praktyk verwesenlik sou word. Dit was 'n proses wat daarna gestreef het om die hoë morele en prinsipiële verwagtings in intellektuele taal te verwoord sodat die opening gelaat sou word vir die harde magseise en magspel van die politici en ander magsgroepe om binne daardie formulerings met hulle aktiwiteite te kan voortgaan.
- Die uitgestelde probleme wat in die grondwet in die vorm van kompromieë hanteer is, met die versekering dat dit op demokratiese en deursigtige wyse hanteer sou word, het almal statutêre rade gekry wat deurlopend moes toesien dat die letter en gees van die grondwet uitgevoer word. Die Pan-Suid-Afrikaanse Taalraad moes na taalgelykheid en taalontwikkeling omsien. Die

> Nasionale Vroueraad moes verantwoordelikheid aanvaar dat alle vorme van seksisme in die Suid-Afrikaanse samelewing voortdurend onder die aandag gebring word. Die Nasionale Jeugraad moes aandag gee aan die behoeftes en belange van die jeug, sodat hulle volledig deel van die nuwe bedeling kon wees. Die Raad van Tradisionele Opperhoofde sou verder met die regering onderhandel oor die posisie van die opperhoofde, hulle aandeel in derdevlakregering en die erkenning van inheemse reg. Daar is ook later 'n raad in die vooruitsig gestel om na die diverse kultuur- en godsdiensbelange om te sien.

Hierdie kenmerke het die uitspraak van die Amerikaner, prof. Ronald Watts, bevestig dat die nuwe bedeling 'n unitêre stelsel is met 'n federale politieke stelsel en dat verdere ontwikkeling gaan afhang van hoe hierdie politieke stelsel in die praktyk funksioneer.[5] Die grondwet het die bedoeling gehad om 'n raamwerk te skep om die talle onopgeloste probleme op 'n inklusiewe demokratiese wyse te hanteer - mits die demokrasie effektief sou funksioneer. Dit het gedemonstreer wat die Amerikaanse kenner van etniese konflik en minderheidsregte, Donald L Horowitz, bevind het, naamlik dat etniese konflik nie deur konstitusionele teorie en strukture opgelos word nie, maar deur politieke insentiewe.[6] Die funksionering van die strukture en hoe hulle benut word, is dus die sleutel tot die hantering van hierdie probleme.

By Vereeniging was dit duidelik wie gewen en wie verloor het. Die verloorders moes net gepaai word. By Kemptonpark was die vraag aan die einde van die proses: wie het gewen en wie het verloor? Die frase wat die populariteit van 'n modegier gekry het en wat die basis vir die huidige herdenking van tien jaar demokrasie vorm, was dat die grondwetlike bedeling 'n wen-wen-situasie verteenwoordig. Niemand het gewen nie en niemand het verloor nie. Die regering/Nasionale Party het magsdeling (minstens in die Voorlopige Grondwet), die beskerming van eiendomsreg, sekuriteit vir staatsamptenare en 'n sekere mate van erkenning van minderheidsregte gekry, maar nie die volledige verbintenis tot magsdeling en die federale bedeling wat hulle graag wou hê nie. Die ANC-bondgenootskap het 'n meerderheidsregering, 'n verbintenis tot gelykstelling en tot regstellende aksie gekry, maar nie die nasionalisering van produksiemiddele wat ten minste 'n belangrike deel van die bondgenootskap wou hê nie. Die onafhanklike regerings van die Transkei, Ciskei, Boputhatswana en Venda het niks gekry nie, maar alles verloor wat hulle gehad het. Die Inkatha Vryheidsparty het 'n allerlaaste toegewing gekry oor die moontlikheid van internasionale arbitrasie oor die kwessie van federalisme.

5 Ronald Watts, "Is the new South African constitution federal or unitary?" in Bertus de Villiers, **Birth of a constitution** (Juta, Kaapstad, 1994), p. 79.

6 Donald L Horowitz, **Ethnic groups in conflict** (University of California Press, Berkely, 1985), pp. 599-600

Die Afrikaner Vryheidstigting het die belofte van 'n statutêre liggaam wat die praktiese haalbaarheid van 'n volkstaat sou ondersoek, gekry.

Die grenslose optimisme van 1994 is deur FW de Klerk in 1997, dit wil sê nadat hy reeds uit die Regering van Nasionale Eenheid getree het, in teenstelling met waarnemende president Schalk Burger se donker siening in 1902, soos volg geformuleer: "Suid-Afrika het met sy oorgangsproses 'n ongelooflike prestasie gelewer waarop alle Suid-Afrikaners met reg trots kan wees. Al die betekenisvolle politieke groeperinge en leiers het hiertoe 'n wesenlike bydrae gelewer. Deur die volledige en volwaardige erkenning van hierdie bydraes, deur die *nuwe waardering vir die kritiese funksie van opposisiegroeperinge as die waghonde van die demokrasie en deur die bevestiging en versterking van 'n ware burgerlike samelewing* (eie kursivering) kan die proses van versoening se sukses verseker word. Ek glo ons kan en wil dit doen. Ons het die mensemateriaal en die wil en gees om dit te doen. Ons moet net die *onderskeidingsvermoë om te sien hoe* (eie kursivering) dit gedoen moet word, verskerp."[7]

## 3. DIE VERPLASING VAN MAG

Rekonstruksie en transformasie het albei 'n ingrypende verplasing van mag ten doel gehad. In die geval van rekonstruksie het dit op die langer termyn nie geslaag nie, terwyl dit met transformasie volledig geslaag het.

### 3.1 Drie fases van rekonstruksie

In die rekonstruksiebeleid moet drie fases onderskei word. Die laaste van hierdie fases het die mislukking van die oorspronklike doelwit van rekonstruksie onomwonde gedemonstreer.

Die man wat die grondslag van die rekonstruksiebeleid gelê het, was sir (later lord) Alfred Milner. As Britse Hoë Kommissiaris (6 Oktober 1900-15 Maart 1905) was hy die grondlegger van die rekonstruksiebeleid. As vurige imperialis het hy dit as sy taak gesien om die twee republieke, wat hy in kroonkolonies omskep het, asook die Kaapkolonie, soos Natal, in gees en karakter volledig Brits te maak. Die seëninge van die Britse Ryk sou die vernietigde republieke weer ophef en 'n verenigde Suid-Afrika skep wat 'n integrale deel van die Britse Ryk sou wees. Om dít te verseker, moes 'n aantal spesifieke doelwitte bereik word:

7 FW de Klerk, **Mobilisering vir verandering en versoening in Suid-Afrika vandag: 'n vergelyking met genl. Hertzog se ervaring**. (Hertzoggedenklesing XXV1, SA Akademie vir Wetenskap en Kuns, 18 September 1997.)

- Die spoedige repatriëring van die duisende krygsgevangenes in kampe in Suid-Afrika en in die Britse Ryk, asook die hervestiging van die duisende vroue en kinders, asook swartes wat in die konsentrasiekampe aangehou is, op die verwoeste plase.
- Die dringende ekonomiese heropbou van die land moes die maksimum voordeel vir Brittanje teen die laagste koste verseker. Rykshandelsvoorkeur sou van toepassing wees op uitgevoerde en ingevoerde produkte.
- Die oorheersing van Brits-imperiale belange in die landsbestuur en by die stembus moes verseker word deur 'n skema van intensiewe Britse immigrasie.
- Stemregkwalifikasies moes hoog genoeg wees om die armblankes en die stemgeregtigde nie-wittes in die Kaapkolonie en Natal daarvan te weerhou om 'n deurslaggewende rol in verkiesings te speel.
- Die onderwys en die staatsdiens moes aangewend word as middele om mettertyd die grootste deel van die wit en nie-wit bevolking se lojaliteit vir die Britse kroon en die Ryk te wen.
- Suidelike Afrika moes 'n belangrike strategiese ondersteunende rol in die verdediging van die Britse Ryk speel.
- Die kolonialers wat aan die kant van die Boererepublieke geveg het, moes as rebelle verhoor en vervolg word, met die doodvonnis as moontlike uitspraak.
- Die agste doelwit was om versoening tussen die rasse, soos dit destyds genoem is, te bewerkstellig. Met rasse is nie wit en nie-wit bedoel nie, maar Engelse en Afrikaners, of *Dutch* soos hulle genoem is. Dit moes veral die teer wonde wat die oorlog veroorsaak het, heel. Die swaar morele skuldlas waaronder Brittanje gebuk gegaan het as gevolg van die verskroeide aardebeleid en die konsentrasiekampe, moes geneutraliseer word. Dit kon bereik word deur die Afrikaners van die ekonomiese voordele van Britse verbintenisse, die sekuriteit van eiendomsbesit en van kulturele en opvoedkundige opheffing te verseker. As neweproduk sou dit hulle ook met die Britse beheer en die Anglo-Saksiese oorname versoen.
- Al die bogenoemde moes verseker dat die Anglo-Saksiese politieke, ekonomiese, sosiale en kulturele bestel dié kenmerk van die Nuwe Verenigde Suid-Afrika word. 'n Etniese bewustheid by enige groep, hetsy Afrikaners of die swart volke, moes in die kiem gesmoor word. Die ontwikkelde bolaag van alle groepe moes daarom op alle terreine gekoöpteer word. Daardeur sou 'n waardering vir en besondere lojaliteit teenoor die uitgestrekte, magtige en oorheersende Anglo-Saksiese wéreld deeglik by hulle tuisgebring word. Dit alles moes op 'n liberaal-demokratiese wyse geskied deurdat hulle die vrywillige en entoesiastiese lidmaatskap van hierdie groter wêreld aanvaar as die beste wyse om hulle hoogste individuele aspirasies te bereik.

Daar was 'n aantal basiese metodes wat aangewend is om hierdie doelstellings te verwesenlik:

- Vir die repatriasie en heropbou is 'n skamele £3 000 000 begroot. Milner se opvolger, lord Selborne, het dit beklemtoon dat dié bedrag nie as kompensasie bedoel was nie, met ander woorde die Britse regering het nie verantwoordelikheid vir die verwoesting aanvaar nie, maar dit was "a gift from the British nation". By Vereeniging het die Boereleiers begryp dat die bedrag bedoel was om die Boerekrygers en hulle gesinne te hervestig. In die praktyk is die geld gebruik om enige persoon te help - ook diegene wat aan Britse kant geveg het, asook vir die hervestiging van swartes wat vrywillig uit die oorlogsgebied weggetrek het. Die verskillende groepe se ervaring van hervestiging het groot verbittering veroorsaak en die strewe na versoening bemoeilik.
- Die herstel van die goudmyne se produksie en die ontwikkeling van 'n uniale spoorwegstelsel om handel tussen die vier kolonies te bevorder, was die sleutel tot die ekonomiese heropbou. Behalwe vir die arbeidsonrus wat die arbeidsbeleid op die myne geskep het, het die beleid andersins besonder geslaagd verloop en kon die ekonomiese ontwikkeling van die land mettertyd op dreef kom. Die rekonstruksiebeleid het op hierdie gebied 'n besondere prestasie behaal.
- Omdat die bedrag van £3 000 000 heeltemal onvoldoende was om enigsins in die behoeftes te voorsien, is 'n verdere totale bedrag van £35 000 000 as "a free grant" beskikbaar gestel aan diegene wat daarom aansoek sou doen. Ook hier het ernstige probleme ontwikkel, enersyds omdat die "free grant" in werklikheid 'n lae rentekoerslening geblyk te wees het en omdat die omslagtige en ondoeltreffende proses om die hulp beskikbaar te stel, tot korrupsie en ontevredenheid gelei het.
- Om die Britse bevolking so te versterk dat hulle 'n meerderheid kon vorm, is nie net staatsdiensposte vir Britse onderdane gereserveer nie, maar is ook landbounedersettings in veral die Oos-Vrystaat en Oos-Transvaal vir hulle voorsien. Die Britse regering kon egter nooit daarin slaag om voldoende immigrante te kry nie. Veral dié immigrante wat hulle as boere op plase gevestig het, het die Britse beleid jeens hulle as onsimpatiek ervaar en het mettertyd in bepaalde opsigte sterker aanklank by hulle Afrikaanse landbougenote gevind.
- Die uitvoer van die beleid oor stemreg het die Britse regering in 'n netelige posisie geplaas. Op beginselgronde moes die Britse regering sy kleurblinde maar hoë stemregvereistes wat in die Kaapkolonie gegeld het, na die Boererepublieke, waar geen nie-wittes die stemreg kon verwerf nie, uitbrei. Die morele dilemma waarin sy oorlogsbeleid hom geplaas het, het hom egter in hierdie saak in 'n swakker onderhandelingsposisie teenoor die republieke geplaas. Uiteindelik is 'n kompromis bereik, naamlik dat stemreg eers uitgebrei

sou word wanneer die kroonkolonies selfregering gekry het, wat in die praktyk beteken het dat dit nooit gebeur het nie. Die stemregkwesssie het ook byna die Nasionale Konvensie se onderhandelinge oor die vereniging van Suid-Afrika verongeluk. Dit is net deur 'n kompromis oorbrug: Kaapland en Natal sou hulle kleurblinde kwalifikasies behou wat in die grondwet verskans is en net deur 'n tweederdemeerderheid van albei huise van die parlement verander kon word. Die geskil oor die stemreg het ook tot belangrike ontwikkelinge in die ontstaan van 'n politieke bewustheid by 'n klein, maar aktiewe, groep swart en bruin leiers gelei sodat die begin van 'n lang geskil oor die politieke mag by die stembus inderdaad na hierdie tydperk teruggevoer kan word.

- Wat later sou blyk die mees plofbare situasie te wees, het in die onderwys en ten opsigte van taalbeleid ontstaan. Dit is belangrik om daarop te let dat so 'n basiese dokument soos die vredesverdrag van 31 Mei 1902 onderwys en taalbeleid as een van die primêre aangeleenthede hanteer het, waaroor dit nodig was om 'n verstandhouding te bereik ten einde vrede te verseker. Die verdrag het in artikel 5 net 'n beperkte erkenning aan Nederlands as taal verleen waar dit nodig geag is vir doeltreffende administrasie of waar die ouers daarop aangedring het. Die reaksie van Afrikaners hierop het nie net die stigting van privaatskole, die CNO-beweging, behels nie, maar ook die sterk groei in die Tweede Afrikaanse Taalbeweging. Die taalstryd sou een van die drie bene word waarop die ontstaan van 'n sterk Afrikaanse nasionale bewussyn gebou sou word.
- Die ondersteuning van die verdedigingsbeleid van die Britse Ryk sou 'n plofbare situasie skep. Dit is van Suid-Afrika verwag om 'n bydrae tot die opbou en onderhoud van die Britse vloot te lewer en om bereid te wees om 'n militêre bydrae te lewer sou dit êrens nodig word. Dit is as die lakmoestoets vir Suid-Afrika se lojaliteit aan die Britse Ryk beskou. Die werklike toets daarvoor sou veel gouer kom as wat verwag is. Die besluit dat Suid-Afrikaanse troepe die Duitse kolonie Duits-Suidwes moes verower, het tot die Rebellie van 1914 en alles wat daarop gevolg het, gelei. Dit het die diep verskeurdheid wat in die Suid-Afrikaanse politiek en samelewing bestaan het, eerder versterk as wat dit 'n bydrae tot versoening gelewer het.
- Die aanhouding en vervolging van Kaapse rebelle het 'n ewe sterk emosionele reaksie losgewoel. Die Britse regering was onversetlik in sy houding dat nie net koloniale rebelle verhoor en die doodvonnis kon ontvang nie, maar dat ook republikeinse burgers, wat wandade, soos gedurende die oorlog deur Britse generaals gedefiniëer, gepleeg het, vervolg sou kon word. Dit het groot bitterheid van Afrikaner-kant veroorsaak en die talle pogings om die Britse regering te oorreed om sy kruisvaart teen rebelle te laat vaar, het lank gevat om sukses te behaal. Kaapse rebelle is hulle stemreg ontneem, wat die uitslag van die 1905-verkiesing wesenlik beïnvloed het. Dit het die imperialistiese regering

van Leander Starr Jameson aan bewind gebring. Daar is altesame 360 doodvonnisse aan Kaapse rebelle opgelê. Weens die geweldige reaksie is net 35 voltrek. Die feit dat niemand aan Britse kant vir wandade vervolg is nie, het groot bitterheid veroorsaak. Bitterheid is verder bevorder deur die venynige verwydering in Afrikaanse geledere tussen Bittereinders en lojale burgers aan die een kant en wat as Hensoppers en hanskakies (National Scouts en Boerevrywilligers aan die Britse kant) bekend gestaan het. Die verbittering sou in baie gevalle meer as een geslag lank duur en het sy merk gelaat op politieke ontwikkelinge. Daar was geen poging om 'n geregtelike ondersoek na die Britse oorlogsbeleid in te stel of om op enige wyse kompensasie of apologie aan te bied vir wat gebeur het nie. 'n Beduidende getal ouer burgers van die twee republieke het vir hulle geen toekoms in die land gesien nie en na Latyns-Amerika, Oos-Afrika en die VSA verhuis waar hulle hul permanent gaan vestig het.

- Onder hierdie omstandighede was versoening tussen Boer en Brit besonder moeilik. Alfred Milner, lord Selborne se opvolger, het, danksy die regeringsverandering in Brittanje toe die Liberale Party in 1905 aan bewind gekom het, baie moeite gedoen om tog te probeer beredder wat beredder kon word. Sy hoop was gevestig op die verlening van selfregering aan die voormalige republieke, die herstel en beskerming van die Afrikaners se politieke regte en die unifikasie van Suid-Afrika as sigbare middel tot versoening, met die belofte dat Suid-Afrika ná 1910 volledig oor sy eie lot en toekoms sou kon besluit. In hoe 'n mate hy geslaag het, word bewys deur die steun wat vooraanstaande Boeregeneraals soos Louis Botha en Jan Smuts aan die versoeningsbeleid verleen het. Afrikaners was egter diep verdeeld oor die saak en dit sou in die tweede fase van rekonstruksie die kern van politieke verdeeldheid vorm.

Die rekonstruksiebeleid en sy nawerking was maar een van 'n verskeidenheid faktore en omstandighede wat ná 1910 die verloop van die Suid-Afrikaanse geskiedenis bepaal het. Dit is in belangrikheid oor die langer termyn hoegenaamd nie op te weeg teen die rol van rasseverhoudinge en sosiaal-ekonomiese vraagstukke nie. Dit het egter 'n belangrike ondertoon gevorm van die politieke geskiedenis en in twee duidelike verdere fases ontwikkel. Die vereniging van vier politieke partye na uniewording om die Suid-Afrikaanse Party, na die Kaapse voorbeeld, te vorm, is gesien as die verwesenliking van die versoeningsideaal en die bereiking van die laaste van die nege doelwitte van rekonstruksie. Die proses het egter spoedig heeltemal anders verloop as wat gehoop is.

Die politieke botsing tussen die twee ervare Boeregeneraals, Louis Botha as Eerste Minister en JBM Hertzog as kabinetslid, wat tot Hertzog se uitsetting uit die regering en sy stigting van die Nasionale Party in 1914 gelei het, was die begin van

die tweede fase. "Suid-Afrika eerste" en die tweestroombeleid het nou 'n dwarswind vir die versoeningsbeleid en rekonstruksie volgens die oorspronklike doelwitte geword. Botha en Smuts het geglo dat versoening met die Britse mag meer toegewings van die Afrikaner sou benodig as van die imperiale sentimente. Hertzog, daarenteen, het geglo dat versoening net moontlik was indien daar absolute gelykheid tussen die twee strome bestaan het en op die basis dat Suid-Afrikaanse belange altyd eerste, bo Britse belange, gestel moes word. Die kompromieë wat die rekonstruksiebeleid en sy uitvoering ten grondslag gelê het, het nou sy krake begin wys. Hierdie fase het gelei tot Hertzog se sentrale rol in die Britse dominiums se inisiatiewe wat tot die Balfour Deklarasie van 1926 en uiteindelik die Statuut van Westminster in 193I en die Statuswet van 1934 gelei het. Daardeur is die verhouding tussen Brittanje en sy onderhorige Westerse kolonies nuut gedefinieer. Dit sou voortaan berus op die volledige soewereiniteit en selfstandigheid van die vier dominiums, maar met erkenning van die Britse kroon as die saambindende faktor. Genl. Hertzog het geoordeel dat die konstitusionele kwessie daarmee finaal opgelos is. In die lig van nuwe omstandighede het hy geglo dat die tyd aangebreek het vir 'n nuwe partypolitieke bedeling. Die ernstige ekonomiese vraagstukke wat deur die Groot Depressie geskep is en Suid-Afrika in 'n moeilike posisie geplaas het, en die dringendheid om groter politieke steun vir sy beleid te werf om vir die politieke en ruimtelike ordening van swart aspirasies voorsiening te maak, het Hertzog op 'n oorhaastige en onberekende manier laat oorgaan tot 'n kortstondige koalisie van sy Nasionale Party met die Suid-Afrikaanse Party en uiteindelik samesmelting in 1934 in 'n nuwe politieke party. Die skeuring in sy party het in werklikheid weer die bitter twiste van na die Anglo-Boereoorlog tussen die republikeine en konsiliasioniste laat herleef. Die uitbreek van die oorlog in Europa en die vraag wat Suid-Afrika se outomatiese verpligtinge teenoor Brittanje en die Britse Ryk sou wees, het dieselfde, hoewel minder dramatiese, inploffing van 1914 opgelewer.

Intussen het die ontwikkeling van twee omstandighede 'n betekenisvolle invloed op die verloop van die geskiedenis uitgeoefen. Dit was twee gebeurtenisse wat 'n besondere oorsaaklike verband met die rekonstruksiebeleid gehad het. Die een was die bewuste nastreef van ekonomiese selfstandigheid (bemagtiging in die ná 1994-terminologie) deur die Afrikaanse kultuurhuishouding (burgerlike samelewing in die huidige woordeskat) en die opkoms van 'n aktiewe Afrikaanse kulturele strewe (die Afrikaanse Renaissance soos prof. CFJ Muller dit reeds ten opsigte van die jare na 1915 gedefinieer het[8]).

[8] CFJ Muller, **Sonop in die Suide** (Nasionale Boekhandel, Kaapstad, 1990), p. 74.

In terme van direkte ekonomiese opheffingshulp aan Afrikaners het die rekonstruksiebeleid 'n beperkte bydrae gelewer.[9] Die armblankevraagstuk is nie deur die Anglo-Boereoorlog veroorsaak nie, maar wel versterk. Die ekonomiese probleme wat na die oorlog ervaar is, het die toekoms betreklik donker laat lyk. Te midde van hierdie onvriendelike omstandighede is prosesse begin wat op die korttermyn gewaagd en op die langtermyn vérsiende was. In 1904 het die Victoria Kollege met 'n uitbreidings- en ontwikkelingsprogram begin wat uiteindelik die stigting van 'n Afrikaanse universiteit moontlik gemaak het. In 1915 is Nasionale Pers as 'n waagstuk van die eerste orde gestig, om opgevolg te word deur die ewe moedige stigting van SANTAM en SANLAM. Dit was die wankelende begin van wat later as die ekonomiese opkoms van die Afrikaner beskryf sou word. Dit was op privaat insiatief en die ondernemingsdurf van 'n klein groep individue gebou - nie op staatsoptrede of wetlike voorskrifte nie. Dit, en die groter politieke rol wat Afrikaners begin speel het, het ook die energie geskep om die armblankevraagstuk en rasseverhoudinge aan te durf.

Te midde van ernstige armoede, ekonomiese swakte en die politieke verdwaasdheid wat die klemverskuiwings tussen konsiliasie en selfversorging geskep het, het daar onder Afrikaners 'n kulturele omwenteling plaasgevind. 'n Heftige interne stryd tussen Nederlands en Afrikaans het eerder 'n nuwe dinamika geskep as wat dit verlammende verdeeldheid in die hand gewerk het. Danksy die visionêre optrede van skeppende geeste en georganiseerde energie-aanwending deur die kerk, onderwys en die kultuurgemeenskap, so klein soos hulle was, is die eerste Afrikaanse Renaissance as 'n produk van die Tweede Taalbeweging gebore. Teen 1930 het hierdie stroming 'n naam gekry - die ontwaking van die Afrikaanse Gedagte. Daarmee saam het dit ook in die jare dertig 'n sterk aktivistiese karakter begin aanneem, wat 'n invloed op politieke en kulturele gebied, veral ten opsigte van onderwys, sou uitoefen. Dit het die finale nekslag vir die rekonstruksie se angliseringsbeleid beteken.

Dit het aan die derde fase van die rekonstruksiebeleid se uitfasering momentum gegee: die strewe na die herstel van 'n republikeinse stelsel in Suid-Afrika. Ernstige politieke verdeeldheid, 'n innerlike gespannenheid tussen versoening met die Britsmonargale belange terwille van 'n beter verstandhouding tussen Afrikaners en Engelse, en die bereiking van die republikeinse ideaal, gepaardgaande met die diep verdeeldheid oor die hantering van rasseverhoudinge (hierdie keer tussen wit en nie-wit aspirasies) het eers 'n pynlike fase van onderlinge verdeeldheid en twis ge-

9 Vergelyk APJ van Rensburg, Die ekonomiese herstel van die Afrikaner in die Oranjerivierkolonie, 1902-1907 (**Argiefjaarboek vir Suid-Afrikaanse Geskiedenis**, 1967, deel 11); NC Weidemann, **Die politieke naweë van die Anglo-Boereoorlog in Transvaal, 1902-1907** (Ongepubliseerde D Phil-proefskrif, UP, 1955).

skep. Die verswakking van die Britse mag na die Tweede Wêreldoorlog, die ontbinding van die Britse koloniale ryk deur dekolonisasie en die toenemende kritiese houding van verskillende Britse regerings oor wit Britse kolonialers het tot 'n ingrypende verswakking van die imperiaal-monargale sentiment in Suid-Afrika bygedra. Die derde fase is uiteindelik op 'n demokratiese wyse in Oktober 1960 in 'n landswye referendum, waarvan nie-wit burgers uitgesluit was, na strawwe politieke stryd, opgelos. Britse sentimente het 'n mindere rol in die referendum gespeel. Dit was eerder argumente oor die ekonomiese en veiligheidsgevolge van die verbreking van die spesiale band met Brittanje, wat die debat oorheers het. Ironies genoeg het die versoeningsideale van die rekonstruksiebeleid daarna werklike momentum gekry. Die struikelblok van die Britse verbintenis is uit die weg geruim, maar teen daardie tyd het nuwe en ernstiger probleme met rasseverhoudinge in alle geval die konstitusionele kwessie volledig verdwerg.

Die Zuid-Afrikaansche Republiek het na die ontdekking van goud in 1886 homself toenemend in die gevaarlike posisie bevind dat hy enersyds 'n struikelblok vir Britse imperiale ambisies in Afrika geword het, en andersyds 'n begeerde middel tot Britse mag en invloed. Britse imperiale ambisies kon langs een van twee weë bereik word. Dit kon gedoen word deur die rysmiering van die bestaande politieke orde van binne met behulp van die massas vreemde buitelandse fortuinsoekers wat na die goudvelde gestroom het. Pro-Britse sentimente kon georganiseer en gemanipuleer word om politieke agitasie op tou te sit om die onstabiliteit te skep wat aan Brittanje die geleentheid sou bied om immer stygende eise aan die Kruger-regering te stel. Saam hiermee kon die Britse strewe die nuwe ryk kapitaalkragtiges, hulle wat die meeste by die goudstormloop gebaat het, gebruik om 'n ekonomiese wurggreep op die onervare staat toe te pas.

Die Britse imperiale mag het egter ook 'n tweede metode tot sy beskikking gehad: hy kon sy bultende militêre spiere gebruik om 'n ander soort wurggreep op die parmantige Boerestaatjies, wat dwars in sy weg gestaan het, toe te pas. Hiervan was die mislukte Jameson-strooptog van 1895/96 'n goeie voorbeeld. Die resultaat was die tragiek van die Anglo-Boereoorlog. Wat Milner verwag het 'n blitskrieg sou wees, het 'n uitmergelende oorlog geword.

Die opkomende swart politieke strewe het veral ná 1936 ook 'n keuse tussen twee metodes van optrede gehad. Normale politieke aksie deur die mobilisering van stemkrag was vir hulle nie moontlik nie omdat so min nie-wittes oor die stemreg beskik het. Waar nie-wittes dit wel besit het, is hulle óf as 'n bedreiging gesien óf as bloot instrumente om te help om mag te bekom sonder enige duidelike verbintenis om aan hulle aspirasies enige uitdrukking te gee. Die groeiende verstedeliking van swart werkers na die Tweede Wêreldoorlog het wel die moontlikheid geskep om

hulle tot aksies te organiseer wat groot druk op die regering sou plaas. Tot die einde van die vyftigerjare is die militêre opsie nog in belangrike dele van die swart leierskap as ongewens beskou, maar hulle sou uiteindelik, soos Brittanje na 1896, ook besluit om hulle militêre spiere te bult in die verwagting dat hulle die land onregeerbaar kon maak en so 'n rewolusie kon deurvoer.

Die verloop van die rekonstruksiebeleid het getoon hoedat die verpletterde Afrikaners met net twee faktore in hulle guns die morele oorwinnaars van die vrede geword het. Hierdie oorwinning sou vir hulle egter ook net tydelik wees. Anders as met die Anglo-Boereoorlog sou daar in hierdie geval 'n veel langer aanloop wees. Die besef was altyd by Afrikaners (en wittes in die algemeen) aanwesig dat hulle in 'n gevaarlike posisie leef met die geleidelike ontwaking van nie-wit politieke aspirasies. Talle pogings om dit te akkommodeer of af te sonder het nie geslaag nie. Die sleutelsukses wat behaal moes word, was om die tradisionele stamgebiede ekonomies lewenskragtig te maak sodat hulle nie net groeivooruitsigte aan hulle eie mense kon bied nie, maar ook 'n trekpleister kon wees om verstedelikte genote terug te bring. Die ideaal het 'n illusie gebly. Armoede en diskriminasie het 'n goeie teelaarde vir rewolusionêre aktiwiteite gebied. Die ideaal van rekonstruksie om die bolaag as draers van hierdie aspirasies af te skep en by die Anglo-Saksiese liberale instellings en prosesse in te skakel, het weinig sukses behaal. Die drastiese andersoortige hermodellering van die Suid-Afrikaanse staat deur dit in onafhanklike gebiede te dekoloniseer, het weliswaar 'n 30% steun getrek, maar dit was nie voldoende om die beleid te laat slaag nie. Die toestroming na die stede, die grootskaalse verskuiwing van mense om vir aparte woongebiede en state voorsiening te maak, vernederende diskriminasie en die stygende aspirasies van 'n geletterde elite ondersteun deur wit elite groepe in Suid-Afrika en in die buiteland, was olie op die vuur van die revolusionêre strewe. 'n Situasie soortgelyk aan dié van 1899 in die ZAR was aan die ontwikkel. Daar was egter 'n belangrike verskil. Die mobiliserende groep was nie nou uitlanders of 'n buitelandse moondheid nie, maar inheemse inwoners, wat weliswaar vanuit die buiteland georganiseer moes word met buitelandse steun, omdat normale politieke werksaamhede vir hulle verbode was.

### 3.2 Twee fases van transformasie

Die stigting van die Pan Africanist Congress in 1959 om 'n gewapende stryd teen die apartheidsbeleid te onderneem, en die ANC se besluit in 1963 om met terreurdade as 'n vorm van lae intensiteit-oorlog te begin om die regering tot 'n val te bring en 'n rewolusie in Suid-Afrika deur te voer, het 'n radikaal nuwe situasie ingelei. Met buitelandse hulp in die vorm van boikotaksies teen die Suid-Afrikaanse samelewing, militêre opleiding in buitelandse kampe en buitelandse wapenverskaffing, het die situasie nogal soortgelyk aan dié van 1899 begin ontwikkel: albei het 'n staat

van beleg beoog. Met die afkondiging van 'n noodtoestand in 1985 is die moontlikheid van 'n rampspoedige verwoestende oorlog soortgelyk aan die Anglo Boereoorlog wyd internasionaal verwag. Dit het nie gebeur nie omdat 'n nuwe proses op 2 Februarie 1990 van stapel gestuur is. In sy parlementêre rede op daardie dag het president FW de Klerk, wat deurgaans sy historiese verbondenheid met die Afrikaners van die Groot Trek en die Anglo-Boereoorlog beklemtoon het, 'n transformasieproses begin wat in twee fases sou verloop. Dit het die eerste senutergende fase ingelei wat van 1990 tot die verkiesing van 27 April 1994 geduur het, wat 'n nuwe grondwetlike bedeling ingelei het waardeur die politieke mag by die stembus aan die ANC-bondgenootskap oorgedra is. Suid-Afrika het opgehou om 'n wit regeerde land te wees en het 'n swart regering met 'n sterk mandaat van die kiesers (waarskynlik 62% van die stemme) geword.

Daarna het die tweede fase begin waarvan die herdenking vanjaar plaasvind. Daar kan gepoog word om hierdie twee prosesse met die proses van rekonstruksie te vergelyk deur vir albei fases na dieselfde drie aspekte as by rekonstruksie te kyk, naamlik wat die oorspronklike doelwitte was, watter metodes gevolg is en wat bereik is. Die onvolledigheid van die twee prosesse en die gebrek aan volledige diepte-inligting gee uit die aard van die saak hieraan 'n veel meer voorlopige karakter as wat die geval met rekonstruksie is.

Die eerste fase van transformasie was FW de Klerk en die regering/Nasionale Party se inisiatief waarop die ander partye wat hulle wou betrek, moes reageer. Daarom moet die doelwitte wat De Klerk gestel het, eerste aan die beurt kom.

- Die beëindiging van die gewapende stryd en 'n onderneming van alle partye dat hulle 'n proses van vreedsame onderhandeling sou volg om 'n nuwe grondwetlike bedeling vir Suid-Afrika te skep.
- Alle politieke partye oor die hele spektrum van die Suid-Afrikaanse samelewing moes aan die proses deelneem en hulle moes eers die geleentheid kry om die grootste moontlike eenstemmigheid te bereik oor die proses wat gevolg moes word om sodanige multilaterale onderhandelinge moontlik te maak.
- Die basis waarop die onderhandelinge gevoer sou word, is dat 'n nuwe bedeling in Suid-Afrika as 'n enkele staatkundige eenheid met 'n nie-rassistiese en nie-seksistiese grondslag gevestig moes word met 'n Handves van Menseregte om individuele belange beskerm.
- Die demokratiese karakter van die staat moes op alle vlakke bevestig word en die oppergesag van die parlement moes erken word.
- Minderhede en groepsregte moes spesiale erkenning kry, en op wyses waarop onderhandel sou word, verskans word. Die Nasionale Party het 'n federale struktuur gebaseer op die Belgiese of Switserse model in gedagte gehad.

- Eiendomsreg moes beskerm en verseker word.
- Die oorgang moes in alle opsigte 'n ordelike een wees wat die veiligheid en sekuriteit van al die mense in die land sou verseker. Geweld as middel tot 'n politieke doel moes onomwonde verwerp word, daarom moes die gewapende vleuels van organisasies soos die ANC en die PAC ontbind word.

Soos die republikeinse onderhandelaars in 1902 het die ANC-bondgenote ander oogmerke gehad.

- Die spoedige oordrag van mag aan die ANC, waarna oor 'n grondwet beraadslaag kon word deur nie-verkose verteenwoordigers van die totale kieserskorps van Suid-Afrika.
- 'n Unitêre staat waarin hulle die maksimum mag op al die tersaaklike terreine kon uitoefen.
- Beheer oor belangrike sektore van die ekonomie, sodat hulle met die hulp van staatsmag swartes op gelyke basis met die res van die bevolking kon plaas.
- Die versekering dat die nuwe staat op nie-rassige en nie-seksistiese grondslag sou berus en dat taal- en kultuurbelange beskerm sou word, binne 'n stelsel waarvolgens Engels die taal van die landsbestuur en van amptelike voorkeur sou wees.
- 'n Handves van Fundamentele Regte om individue teen staatsmag en diskriminasie te beskerm.
- Die uitwissing van enige oorblyfsels van die apartheidsbeleid, soos die bestaan van selfregerende of onafhanklike state.
- Die vervolging van diegene wat onder die vorige bewind hulle aan die skending van menseregte skuldig gemaak het.
- Die reorganisasie van die ekonomie sodat die werkers 'n bepalende rol in hulle eie ekonomiese belange en toekoms kon speel.

Die ingewikkelde onderhandelingsmetode wat gevolg is en die wyse waarop verskillende groepe die metode tot hulle voordeel probeer gebruik het, is reeds in afdeling 2 uiteengesit. Die resultaat wat bereik is, is wêreldwyd as 'n wonderwerk begroet. Dat 'n demokratiese staat met uitgebreide deelname op alle vlakke van alle groepe in die grondwet, die Handves van Fundamentele Regte en die ander bylaes tot die grondwet vasgelê is, is algemeen as 'n buitengewone prestasie beskou.

Soos met rekonstruksie die geval was, is dit ook by transformasie die gebeure wat ná die aanvaarding van die grondwet gevolg het, wat belangrik is. Die politieke proses is belangriker as die geskrewe grondwet. Dié proses toon sekere ooreenkomste en verskille met wat ná 1902 gebeur het.

## 4. TUSSEN IDEAAL EN WERKLIKHEID[10]

Van Rensburg het in sy doktorale studie oor rekonstruksie in die Vrystaat die oorspronklike proses getipeer as skikking deur verdringing.[11] Dit was 'n poging om Afrikanermag geleidelik te ondermyn en te laat erodeer deur Afrikaners in die Anglosaksiese wêreld te integreer. Die teenoorgestelde het egter gebeur. Dit was die Britse imperiaal-monargale ideaal wat geleidelik weggekalwe het en 'n sterk Afrikaner-republikeinse en -nasionale strewe wat gegroei het.

Hoewel Suid-Afrika tans midde in die ná 1994-proses staan, is die een ingrypende verskil met rekonstruksie reeds duidelik: die mag is nou in die hande van 'n oorweldigende meerderheid wat nie, soos ná 1910 gebeur het, deur alternatiewe ontwikkelinge maklik gestuit sal word nie. Die vinnige verdwyning van die Afrikaner se nasionalistiese strewe en die aansienlike versterking van die swart strewe, is presies die teenoorgestelde as wat met die Britse strewe na 1902 gebeur het. Die oorwinning wat die ANC in 1994 by die stembus behaal het, is met meer oortuigende oorwinnings in 1999 en 2004 opgevolg. Die opposisiepartye het verswak en uiteindelik het die Nuwe Nasionale Party besluit om eers, soos Hertzog in 1934, met die ANC saam te werk sonder 'n formele koalisievorming, en binne enkele maande om met die ANC saam te smelt. Marthinus van Schalkwyk het sy proses nog meer onnadenkend, ondemokraties en oorhaastig deurgevoer as genl. Hertzog. Die verskil is net dat waar Hertzog in 1934 in die nuwe party 'n sterk posisie beklee het, dit nie met die Nuwe Nasionale Party in 2004 die geval is nie. Trouens, die ontbinding van die party is deur koerante as 'n totale ineenstorting[12] en 'n immorele daad beskryf.[13] Die Afrikaanse nasionale strewe en belange kon nie eers so lank uithou soos die Britse imperiale en monargale strewe nie.

Aan die ander kant het die ANC sy eie besondere veranderinge ondergaan. Die harde politiek-ekonomiese werklikhede het die ANC-regering gedwing om weg te beweeg van sy ideologiese basis, maar steeds voor te gee dat hy aan daardie basis getrou is. Die veteraan-joernalis Alistair Sparks het dit só saamgevat: Die ANC is verkies om sy ondersteuners te bevry van verdrukking en swaarkry. Nou moet hy die ekonomie so herskik dat baie van hierdie mense selfs swaarder kry as voorheen en net 'n minderheid die voordeel van die nuwe bedeling smaak.[14] Prof. Sampie Terblanche het in sy studie oor armoede aangetoon dat die getal werklike armes in

---

10 Met erkenning aan die titel van prof Gerrit Viljoen se boek.
11 APJ van Rensburg, Die ekonomiese herstel van die Afrikaner in die Oranjerivier-Kolonie, 1902-1907 (**Argiefjaarboek vir Suid-Afrikaanse Geskiedenis, 1967**, deel ll).
12 **Rapport**, 8 Augustus 2004, p. 1.
13 **Die Burger**, 13 Augustus 2004, p. 14 (Leopold Scholtz in die rubriek Sake van die dag).
14 Allister Sparks, **Beyond the miracle. Inside the New South Africa** (Jonathan Ball, Johannesburg, 2003).

Suid-Afrika en die getal werkloses inderdaad onder die ANC-regering aansienlik toegeneem het.[15] Hy wys ook daarop dat die werklike mag onder die ANC-regering in 'n middelklasgroep van 30% van die bevolking gekonsentreer is, waar dit voor 1994 in 20% se hande was.[16] Die kompleksiteit en die kontraste van die Suid-Afrikaanse verlede is selfs sterker in die hede aanwesig, met ander rolspelers.

Teenoor die grenslose optimisme van 1994 word tien jaar later die vraag gestel of die lofwaardige demokratiese grondwet van Suid-Afrika werklik die voortbestaan van 'n liberale demokrasie kan verseker. Sentralisasie van mag op verskillende terreine het in die tien jaar na vore getree. Die swak funksionerende provinsiale regerings in 'n aantal provinsies en die onvermoë van talle owerhede op die derde vlak van regering, het al hoe meer menings uitgelok dat hierdie vorme van gedesentraliseerde regering nie 'n sukses is nie en deur meer sentralisasie vervang behoort te word.[17] 'n Eenpartyregering by die stembus verskil nie soveel van 'n eenpartystaat deur dekreet nie. Die ooreenkoms met die Stalin-grondwet van 1936 het opvallend geword. Stalin het op papier die mees demokratiese grondwet van sy tyd opgestel wat ook in beginsel vir die bestaan van ander partye voorsiening gemaak het. Gereelde verkiesings is gehou met stempersentasies van bo die 90% sonder dat die totale oorheersing van die Kommunistiese Party ooit bevraagteken is. Die Kommunistiese Party is as die voorhoede van die werkersklas beskryf, die draer van die wêreld se eerste werkerstaat. In dié staat kon die werkers immers nie teen hulle eie belange, dus teen die Kommunistiese Party, werk nie. Die magstryd van die Westerse demokratiese parlement is na die magstryd binne die Kommunistiese Party verskuif. Die ANC beskou homself as die ware draer van die swart vryheidstrewe en, soos die verkiesingsplakkate van 2004 dit uitgedruk het, die enigste party met die mag om in swart en onderdrukte mense se behoeftes te voorsien.

Suid-Afrika het talle maniere wat dit moeilik maak om te aanvaar dat 'n Stalinsituasie hom ook in Suid-Afrika sal kan afspeel. Maar die geskiedenis lewer vele verrassings op. Die kommer wat tans in Suid-Afrika bestaan oor die langtermynsuksesvolle voortbestaan van 'n liberaal-demokratiese staat met 'n aktiewe opposisie, soos FW de Klerk dit in sy vroeër aangehaalde uitspraak van 1997 gestel het, illustreer die groeiende gaping tussen ideaal en werklikheid.

Die Groei- en Ontwikkelingsprogram wat deur die regering aanvaar is (GEAR), het die verwagting gevestig dat die Suid-Afrikaanse ekonomie op die beginsel van op-

---

15 Sampie Terblance, **A history of inequality in South Africa, 1652-2002** (University of Natal Press, Pietermaritzburg, 2002), veral p. 471.

16 Openbare voorlesing, Stellenbosch, 24 Augustus 2004.

17 Die Rektor van die Noordwes-Universiteit, dr. Theuns Eloff, het in sy openingstoespraak by die jaarvergadering van die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns, 24 Junie 2004, spesifiek hierna verwys.

heffing en ontwikkeling deur ekonomiese groei gebou sal word en nie deur ontmanning van die vrye ekonomiese verkeer nie. Die handveste wat sedert die verkiesing van 2004 deur verskillende staatsdepartemente aangekondig is vir die herstrukturrering van mynbou, landbou, gesondheidsdienste, informasietegnologie en die media, het benouende reaksie van die privaatsektor uitgelok. Dit lyk al hoe meer asof transformasie nie net die oordrag van politieke mag en beheer behels nie, maar die volledige omskakeling van alle aspekte van die Suid-Afrikaanse samelewing - sportspanne, skole, kerke, die media, nie-regeringsorganisasies - na modelle wat op 'n statistiese profiel vir elke sektor en elke bedryf of aktiwiteit in ooreenstemming met die demografiese profiel van die bevolking, gemik is.[18] Persentasies, nie prestasies of potensiaal nie, het die mikpunt van regeringsbeleid geword. Die ekonomiese en kulturele vryheids- en gelyksheidsideaal word toenemend in die werklikheid onder druk geplaas. Taal- en kultuurgemeenskappe ontvang al hoe meer lippediens wat daarop gemik is om te paai eerder as om op te los. Dit herinner aan die beleid van die Britse Eerste Minister, William Gladstone, toe hy met die Ierse eise om onafhanklikheid gekonfronteer is. Dié vraagstuk, het hy verklaar, moet nie deur drastiese optrede opgelos word nie, maar deur 'n vernuftige spel. Die Ierse strewe moes ontman word deur voor te gee dat hulle eise tegemoetgekom word en hulle belange gedien word. Slim formulerings wat die reg op Ierse onafhanklikheid erken het sonder om Britse mag en invloed aan te tas, was sy formule. In die geskiedenis is dit bekend as sy "kill (die Ierse onafhanklikheidsstrewe) by kindness"-beleid.

Daar is bepaalde parallelle met die na 1902-situasie waarneembaar. Hierdie *kill by kindness*-strategie was ook die kern van die Britte se oogmerk na 1902. Dit het om drie redes misluk. Die Britte kon nooit 'n groot genoeg Britse bevolking in Suid-Afrika gevestig kry om die Afrikaners te neutraliseer nie en die pogings om in Kaapland nie-wit steun daarvoor te werf, het net beperkte sukses behaal. Die tweede rede is die getalsterkte van die Afrikaners wat van hulle 'n beduidende politieke mag gemaak het as hulle kon saamwerk. Die derde is die deurwinterde leierskorps wat Afrikaners van die oorlog geërf het. Nie net op die hoogste vlak waar die drie generaals die leiding geneem het nie, maar op alle vlakke van die samelewing was daar mense wat deur lyding en opoffering gevorm en gelooi is. Dit het deurgespoel na die jong geslag studente aan die universiteite wat hulle met groot entoesiasme verbind het tot die rekonstruksie van die land op eie voorwaardes. Hierdie voorwaardes het onder meer die heropbou van die Afrikaner as gelyke vennoot ingesluit.

18 Kyk Pierre du Toit se twee navorsingsverslae, een oor bemagtiging, **Tydskrif vir Geesteswetenskappe** 43/3 en 4, September en Desember 2003, pp. 225-36 en die nog ongepubliseerde jongste navorsingverslag oor regstellende aksie soos gerapporteer in **Rapport**, 5 September 2004, p. 2.

Die ANC beskik tans oor 'n soortgelyke gelouterde leierskap en entoesiastiese jongmense wat wag om aan die ideaal van volledige transformasie van elke faset van die Suid-Afrikaanse samelewing te werk. Die Afrikaner se leiers van 1994 was soos verwilderde werfpluimvee, wat met 'n geskarrel uitmekaar spat as die jaghond op die toneel verskyn, elkeen op soek na 'n eie veilige nes. Teen die tyd dat hulle die voortgesette leiding van die nuwe bedeling op hulle moes neem, soos die Boeregeneraals na 1902, het hulle geabdikeer. Tans is daar geen aanduiding dat 'n nuwe entoesiastiese jong leierskorps na vore tree nie. Waar ná 1902 sommige van die ouer geslag krygers nie kans gesien het om in Suid-Afrika voort te gaan nie, is dit tans 'n jonger geslag wat hulle oë na elders wend. Hulle wy eerder hulle energie aan die soek na goeie posisies oorsee as om, soos na 1902, aan 'n andersoortige rekonstruksieprogram te werk as wat die Milner-beleid beplan het.

In plaas van die Rebelle-verhore van na 1902 het daar na 1994 die Waarheids- en Versoeningskommissie gekom wat iets is wat nie na die Anglo-Boereoorlog bestaan het nie. Hierdie vreemde kommissie, met geen regsgrondslag en geen geleentheid tot die toetsing van getuies onder kruisverhoor nie, het veel eerder die vorige bewind aan soms venynige ondersoek onderwerp as om die volledige waarheid van alle vorme van die skending van menseregte te probeer bepaal. Die eindresultaat het groter teleurstelling as versoening gebring. In bepaalde opsigte is dit nogal vergelykbaar met die posisie na 1902. Hoe omstrede en hoe beperk sy werk ookal was, soos blyk uit die verwerping van belangrike dele van sy verslag deur die NNP en die ANC, was die Waarheids- en Versoeningskommissie 'n noodsaaklike instrument om die oorgangsproses moontlik te maak. Die versoeningsbeleid van na 1902 het gestruikel oor die inherente weersprekinge in die beleid. Dit het duidelik geword dat versoening meer waarde aan die Britse voorwaardes geheg het. Dieselfde geld na die WVK - die beperkte sukses wat hy behaal het, beteken dat werklike versoening, soos na 1961 gebeur het, eers sal plaasvind as wesenlike struikelblokke uit die weg geruim is.

Rekonstruksie het stap vir stap in sy sleutelfunksie - verbritsing van Suid-Afrika - gefaal. Hierdie verbritsingstrewe was 'n struikelblok wat eers finaal uit die weg geruim moes word voordat die versoeningsproses tussen Afrikaners en hulle Engelse medeburgers volspoed op dreef kon kom.

Die transformasieproses is nog in so 'n vroeë stadium dat daar baie hoop bestaan dat dit nie dieselfde langsame en sukkelende weg tot versoening gaan volg as wat met rekonstruksie die geval was nie. Daar is egter 'n moeilike vraag waarop eers 'n antwoord gevind moet word: wat is die einddoel van transformasie? Aanvanklik is geoordeel dat as die politieke mag eers sonder enige onsekerheid in swart hande gevestig is, die transformasieproses spoedig voltooi sal wees. In die afgelope tien

jaar het dit egter duidelik geword dat magsbeheersing oor 'n wye terrein die hoofdoelwit van transformasie is. Sedert die verkiesing van April 2004 het die uitvaardiging van die reeds genoemde handveste vir transformasie die indruk laat posvat dat transformasie 'n deurlopende proses gaan wees, sonder 'n einde. Dit kan moontlik die politieke slagspreuk word waarmee die ANC elke verkiesing gaan benader. Die moontlikheid dat die einddoel, wat in die handveste in die vorm van 'n persentasie uitgedruk word, voortdurend verskuif gaan word, lyk na 'n waarskynlike patroon wat transformasie gaan volg.

Die transformasieproses, soos rekonstruksie, se hoop lê nie in die skemas wat in mooiklinkende dokumente verwoord word nie. Dit is eerder die ontwikkeling van die politieke, sosiaal-ekonomiese en kulturele prosesse wat bepalend was en weer gaan wees. Soos met rekonstruksie gebeur het, toe 'n ander vorm van rekonstruksie die Milner-ideaal vervang het, mag dit vrywel ook in die geval van transformasie gebeur. Daar is reeds in ANC-geledere, onder andere deur die Minister van Verdediging, Mosiuoa Lekota, gesuggereer dat daar 'n definitiewe eindpunt vir die kwotastelsel, die hart van transformasie, gestel moet word. Die onvriendelike wyse waarop die gedagte in ANC- en regeringskringe ontvang is, dui daarop dat dit inderdaad die spilpunt is waarom die regerings- en ANC-beleid wentel.

Die imperiale strewe se rekonstruksiebeleid is omskep in 'n inherent eie Suid-Afrikaanse beleid vir politieke, ekonomiese en kulturele heropbou wat daarop gemik was om 'n eiesoortige weg na skikking en versoening te vind. Eerder as skikking deur verdringing, het dit verdringing (van die imperiaal-monargistiese strewe) deur skikking meegebring. Dat dit meer as vyftig jaar geneem het om dit te bereik, illustreer die sensitiwiteit van die wyse waarop skikking en versoening histories verloop. Die feit dat die groot meerderheid van die land se bevolking nie inherent deel daarvan geword het nie, het geblyk dié verinheemste rekonstruksiebeleid se swakheid te wees. Net die tyd sal leer of transformasie skikking deur verdringing of skikking deur versoening verteenwoordig.